Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

Posbus 20, Hermanus 7200
www.overstrand.gov.za

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmond	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24-uur Beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

SEPTEMBER 2016

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

VOORWAAR 'n ONVERGEETLIKE GELEENTHEID - Met munisipale bestuurder, Coenie Groenewald, wat handjie bysit, het die eer rdh Rudolph Smith te beurt geval om deur adv Albert Fritz, Wes-Kaapse minister van maatskaplike ontwikkeling, as Overstrand se Uitvoerende Burgemeester ingehuldig te word (1). Adv Lennit Max, lid van die provinsiale parlement, het insgelyks die eer gehad om nuutverkose onderburgemeester rdh Dudley Coetzee (2) in te huldig, terwyl Masizole Mnqasela, ook 'n LPP, rdh Anton Coetsee se verkiesing as Speaker (3) bekragtig het.

PLANNE IN DIE MOU OM PLAASLIKE EKONOMIE HUPSTOOT TE GEE

Verkose Burgemeester doen 'n beroep op entrepreneurs en sakelui om kragte saam te snoer sodat Overstrand sy volle potensiaal kan verwesenlik en 'n vername struikelblok kan elimineer wat die munisipaliteit se volhoubaarheid oor die lang termyn bedreig: *Werkloosheid*

Tydens die lewering van sy inhuldigingstoespraak op Vrydag 12 Augustus 2016 het raadsheer Rudolph Smith - Overstrand se nuutverkose Burgemeester - aangekondig dat een van die Raad se eerste prioriteite gaan wees om 'n sakeadvieskomitee daar te stel wat uit beide verteenwoordigers van die plaaslike privaat sektor en entrepreneurs saamgestel sal word.

"Selfs al is Overstrand die Wes-Kaapse munisipaliteit wat die derde vinnigste groei en reeds 33% tot die ekonomie van die Overbergdistrik as geheel bydra, glo ons dat deur ons vennootskappe met plaaslike sakelui en entrepreneurs te versterk, ons meer beleggers kan lok," het hy gesê. Hy het hierop uitgebrei deur by te voeg dat die Raad veral 'n behoefte aan die insette van die privaat sektor het om onnodige rompslomp uit te skakel sodat 'n gunstige ekonomiese klimaat geskep kan word wat Overstrand se volle ontwikkelingspotensiaal sal ontsluit.

Smith het beloof dat die munisipaliteit op sy beurt steeds daarop sal fokus om die nodige infrastruktuur te voorsien sodat ook 'n gunstige fisiese klimaat geskep kan word waarbinne alle burgers toegang tot munisipale dienste van die hoogste standaard geniet. In die besonder sal die implementering van die vyfjaar-behuisingsontwikkelingsplan, opgradering van verouderende infrastruktuur en beperking van verliese in die water- en elektrisiteitstelsel geprioritiseer word.

Steeds op die onderwerp van lewensomstandighede het die Burgemeester gesê dat inwoners se veiligheid 'n bron tot kommer is. Hy het 'n beroep op alle belanghebbers - die SAPD, plaaslike wetstoepassers, buurtwagte en sekuriteitsmaatskappye - gedoen om saam dringend van hierdie kwessie werk te maak. Hierby het hy gevoeg dat veiligheid by skole by wyse van die "adopt-a-cop"-program verbeter gaan word onderwyl die oprigting en opleiding van straatkomitees spoedig aandag sal geniet.

Smith het gesê dat 'n spesiale poging oor die volgende vyf jaar aangewend gaan word om plaaslike regering selfs nader aan die gemeenskap te bring. "Om die vennootskap tussen ons gemeenskappe en die munisipaliteite te versterk, oorweeg ons dit om satellietkantore in gemeenskapsale te vestig sodat inwoners makliker toegang tot hul raadslede kan verkry," het hy uitgebrei. "In die besonder het ons die gemeenskap se insette nodig om werk te maak van die behoefte aan vroeëkinderontwikkeling, bejaardesorg, gesondheidsorg, en sport- en ontspanningsgeleenthede."

Nadat hy die uitgaande raadslede bedank het vir die sorg waarmee hulle Overstrand op 'n gesonde finansiële voet geplaas en gehou het, het Smith sy toespraak afgesluit met die belofte dat die vyf portefeuljes - finansies, gemeenskapsdienste, bestuursdienste, beskermingsdienste, infrastruktuur en beplanning en plaaslike ekonomiese ontwikkeling en toerisme - sal aanhou om op hierdie nalatenskap voort te bou en alles in hul vermoë sal doen om Overstrand se visie te verwesenlik, naamlik om 'n sentrum van uitnemendheid te wees vir almal in wie se diens die munisipaliteit staan.

MUNISIPALITEIT OVERSTRAND SE NUWE RAADSLEDE

AGTER (van links na regs): Rdl Simphiwe Tebele, Rdl Elnora Gillion, Rdl Lindile Ntsabo, Rdl Fanie Krige, Rdl Archie Klaas, Rdl Benet Molefe, Rdl Grant Cohen, Rdl Connie Tafu-Nwonkwo, Rdl Xolani Msweli, Rdl Valerie Pungupungu, Rdl Arnie Africa, Rdl Andrew Komani, Rdl Siphiwo Kalolo. VOOR (van links na regs): Rdh Michelle Sapepa, Rdl Moira Opperman, Rdl Riana de Coning, Rdl Vuyani Macotha, Speaker Rdh Anton Coetzee, Uitvoerende Burgemeester Rdh Rudolph Smith, onder-burgemeester Rdh Dudley Coetzee, Rdh Nicolette Botha-Guthrie, Rdl David Botha, Rdl Dr Junita Kloppers-Lourens, Rdl Kari Brice.Afwesig: Rdl Theodorah Nqinata

HOE WERK FYNBOS EN VUUR?

Enigeen wat meer te wete wil kom van die unieke onderlinge verwantskap tussen flora, fauna en vuur moenie die Hermanus-blommefees - 'n insiggewende belewenis wat vanaf 22 tot 25 September by die Fernkloof-natuurreservaat aangebied gaan word - misloop nie.

Bo en behalwe dat die organiseerders van hierdie fees aan gesinne en vriende die geleentheid bied om 'n bietjie gehaltetyd in 'n waarlik asembenewende opset deur te bring, het hulle ook uit hul pad gegaan om die wonders van die Kaapse Blommerky vir 'n ieder en elk toeganklik te maak.

Toegangsgelde vir volwassenes is R20, terwyl kinders jonger as 12 of in hul skooldrag gratis toegang verkry. Boonop is Donderdag 22 September as "Pensioenarisdag" aangewys - wat daarop neerkom dat alle pensioenarisse vir 'n skrale R10 toegang tot die blommefees kan geniet.

Om meer van die Hermanus-blommefees te wete te kom, skakel Pam Herd by 082 823 5232 of besoek www.fernkloof.com.

WHALE COAST MALL VERLOOP VOLGENS PLAN

Aldus projekbestuurder Dennis Hendriks verloop die opgradering van die plaaslike padnetwerk rondom die Whale Coast Mall, 'n inkopiesentrum met 'n oppervlak van 30 000 m² wat tans in Sandbaai opgerig word, redelik na wense.

Hierdie projek, wat oor 'n tydperk van 15 maande in fases afgehandel gaan word, noodsaak dat gedeeltes van Sandbaai se hoofweg, Bergsigstraat en Schulphoek-weg grotendeels opgegradeer moet word. Gevolglik gaan Sandbaai se hoofweg tot en met 25 November vir verkeer gesluit wees sodat die eerste fase van die opgradering tussen KaapAgri en Bergsigstraat afgehandel kan word.

Die goeie nuus is dat die noordelike gedeelte tussen toegang 1 en 2 (die Engen- en Tambali-op/afritte) reeds weer vanaf 23 September geopen sal word sodat motoriste regs in Sandbaai se hoofweg kan draai om toegang tot die R43 (die provinsiale pad) te verkry. Dit sal egter steeds nie moontlik wees om links na Sandbaai af te draai nie.

Beide die munisipaliteit en die kontrakteur wil graag hul dank betuig teenoor die publiek vir hul geduld en samewerking onderwyl hierdie vernane deel van die werk afgehandel word en bied die versekering dat hulle alles in hul vermoë doen om te verseker dat die werk aan die paaie so gou doenlik en met minimale ontwrigting afgehandel word.

Indien u enige vrae rakende hierdie projek het, skakel gerus vir Dennis by 082 416 8676 of kontak die ontwikkelaar se verteenwoordiger, Leon Louw, by 083 324 5928.

Uitnemendheid Uitgestal

"Kunstenaars die wêreld deur inspireer mense om verby die alledaagse te kyk en om die mooi in hul lewens raak te sien, ongeag hul omstandighede." Dit, volgens Burgemeester Rudolph Smith, is waarom hy sy kantoor tot 'n ***openbare galery*** verklaar het.

"Ons het hope talent in Overstrand - kunstenaars wat selde erken word vir die unieke en eerlike manier waarop hulle die samelewing en die wêreld waarin ons leef vergestalt. Deur my kantoor as uitstalruimte tot hul beskikking te stel, hoop ek dat hulle die erkenning sal geniet wat hulle toekom," het hy verduidelik.

Vanaf September 2016 gaan werke deur plaaslike kunstenaars op 'n rotasiebasis in die Burgemeester se kantoor uitgestal word. Kunstenaars wat daarin belang stel om hul werke hier uit te stal, word versoek om Mari Geyer by **artintheoffice1@gmail.com** te kontak.

Tans kan besoekers aan die Burgemeester se kantoor werke besigtig deur Anna Lamprecht, Maryna Visagie en Susan Karalis. Dié werk getitel *Donkiekar* is 'n voorbeeld van een van Anna Lamprecht se olie-op-doek-skilderye.

TER VIERING VAN UITNEMENDHEID

Overstrand se jaarlikse **Aand van Uitnemendheid** gaan op Dinsdag 4 Oktober in Hermanus se ouditorium gehou word. Die wenner van die gesogte Burgemeesterstrofee vir Omgewingsbewaring sowel as Overstrand se Vrou van die Jaar sal by hierdie luisteryke geleentheid aangekondig word, terwyl verskeie Uitblinkers ook vir hul besonderse bydrae tot ons samelewing erkenning sal ontvang.

Verrigtinge begin stiptelik om 18:00.

Opname oor Behoefte aan Bekostigbare Behuising

Munisipaliteit Overstrand is tans besig om inligting in te samel oor die vraag na en behoefte aan *bekostigbare* behuising binne die munisipale gebied. (Die mark vir bekostigbare behuising word omskryf as daardie huishoudings met 'n inkomste van tussen R3 501 en R25 000 per maand.)

By wyse van hierdie opname beoog die munisipaliteit om 'n betroubare prentjie te skets van daardie huishoudings/mense in Overstrand wat 'n behoefte het aan, of 'n vraag het na bekostigbare behuising en wie van voorneme is om van sulke behuisingsgeleenthede gebruik te maak - hetsy met die oog daarop om te huur of te koop.

As deel van die opname gaan sekere areas vir lukrake deur-tot-deur-besoeke geselekteer word waartydens inwoners gevra sal word om 'n vraelys in te vul. Om egter te verseker hierdie studie 'n redelike steekproef verteenwoordig van daardie mense met 'n behoefte aan bekostigbare behuising, het ons ons lesers se hulp nodig: Daarom heg ons die vraelys wat met behuisingsbehoeftes verband hou by hierdie uitgawe van *Bulletin* aan.

Selfs al het hierdie behoeftes nie regstreeks op jou betrekking nie, versoek ons nogtans dat jy die navorsingspan help deur almal binne jou invloedsfeer op wie hierdie opname dalk betrekking mag hê, te vra om die meegaande vraelys in te vul.

Ingevulde vraelyste kan by jou plaaslike munisipale kantoor of biblioteek gelaat word of jy kan hulle per e-pos stuur na ajacobs@overstrand.gov.za. Let asseblief daarop dat alle insette ons teen nie later nie as 30 September 2016 moet bereik. Indien jy enige vrae in hierdie verband sou hê, kontak gerus vir Abigail Jacobs by 028 313 5075 gedurende kantoorure.

Vroue in Uniform Gerat om Vrouemaand te Ondersteun

Op Maandag 8 Augustus het Overstrand se dames in uniform hul geïntegreerde plan aangekondig om 'n einde te maak aan die slagting op ons paaie en om beide Overstrand se gemeenskap en sy natuurlewe te beskerm. Dié geleentheid wat by Zwelihle se gemeenskapsaal gehou is, is beplan om saam te val met Vrouemaand en is bygewoon deur 28 vroulike lede van Overstrand se magte in uniform wat Overstrand-beskermingsdienste, SAPD Hermanus, provinsiale verkeersdienste sowel as mariene en kusbestuur verteenwoordig het.

In die loop van Vrouemaand beoog die dames in uniform om besoek te bring aan ouetehuise, hospies, skole en plekke van veiligheid wat tydelike tuistes aan kinders in gevaar bied. Hulle prerogatief bly egter steeds wetstoepassing.

Op die vraag watter waarde hulle aan die viering van Vrouemaand heg, het die teenwoordiges onomwonde geantwoord: Vrouemaand is 'n viering van vroue se regte om volwaardige burgers te wees wat vry is om hul volle potensiaal sonder vooroordeel en sonder vrees vir vergelding te verwesenlik. Aan die ander kant herinner dit die gemeenskap egter ook daaraan om hulle nie blind te hou vir vroue die wêreld deur - en dalk reg langs jou - wat steeds uitgebuit en mishandel word nie en wie steeds die reg ontsê word om gelyk en met respek behandel te word.

DIE WÊRELD OP EEN VERHOOG…

Met nie minder nie as twee trio's op die spyskaart, gaan OAK in die loop van September inderwaarheid 'n verteenwoordigende kontingent van die wêreld se top uitvoerende kunstenaars op die Hermanus-ouditorium se verhoog verwelkom.

Eerste om hul buiging om 19:00 op Vrydag 9 September te maak, is die Britse duo (klavier en sopraan) MELICUS by wie landsgenoot Corinne Morris (tjello) gaan aansluit om werke deur Schubert, Granados, Ginastera, Liszt en Piazzolla uit te voer.

Dan, om 15:30 op Sondag 25 September, gaan die Suid-Afrikaanse tjellis Peter Maartens, die Russiese violis Sergey Malov en die Amerikaanse pianis Bryan Wallick ons uitgelese gehoor op werke deur Beethoven, Brahms, Tchaikovsky, Rachmaninov en Shostakovich trakteer.

Skakel BELLINI by 028 312 4988 om te bespreek. Kaartjies kos R130 (R60 vir studente). Alle ander navrae kan gerig word aan OAK se sekretaresse, René du Plooy, by 082 940 4238.